



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

GESKIEDENIS V2

NOVEMBER 2009

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 11 bladsye.



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk vir 2009 gebaseer is.

VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP SUID-AFRIKA?

- Die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika

VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP AFRIKA?

- Hervoorstelling van 'n nasie in die 1990's – 'n gevallestudie uit Sentraal-, Wes- of Noord-Afrika

VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA UIT DIE KRISISSE VAN DIE 1990's AS 'N DEMOKRASIE NA VORE GETREE?

VRAAG 4: HANTERING VAN DIE VERLEDE EN STAAN VOOR DIE TOEKOMS: DIE WERK VAN DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag toegeken word en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag.
3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.
4. In die beantwoording van vrae behoort kandidate hul kennis, vaardighede en insig toe te pas.
5. 'n Blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
6. Vrae moet beantwoord word deur na die Addendum te verwys.
7. Skryf netjies en leesbaar.



VRAAG 1: WAS DIT DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJETUNIE WAT DIE EINDE VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED HET?

Bestudeer Bronne 1A, 1B en 1C en beantwoord die volgende vrae:

- 1.1 Bestudeer Bron 1A.
- 1.1.1 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en definieer die volgende:
- (a) Apartheid
(b) Kommunisme
(c) Sanksies (3 x 2) (6)
- 1.1.2 Hoekom, dink jy, was Gorbatsjof se hervormings die invloedrykste van al die internasionale invloede op Suid-Afrika? (Perspektief 1) (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Haal inligting uit die bron aan om te bewys dat De Klerk verplig was om Suid-Afrika se beleid te hersien. (Perspektief 1) (3 x 1) (3)
- 1.1.4 Wat is geïmpliseer deur die stelling 'dit het die druk van De Klerk weggeneem'? (Perspektief 1) (1 x 2) (2)
- 1.1.5 Verduidelik hoe die internasionale anti-apartheidbeweging stukrag aan Suid-Afrika se vryheidstryd gegee het. (1 x 2) (2)
- 1.1.6 Verduidelik of dit geregverdig kan word dat die groot moondhede Suid-Afrika tot 'n onderhandelde skikking gedwing het. (Perspektief 2) (1 x 2) (2)
- 1.1.7 Hoekom sal jy die SAW se nederlaag in 1988 in Angola en Swapo se oorwinning in Namibië se onafhanklikheidsverkiesing in 1989 as keerpunte in Suid-Afrika se geskiedenis beskou? (Perspektief 2) (2 x 2) (4)
- 1.2 Verwys na Bron 1B.
- 1.2.1 Watter uitdagings moes De Klerk in sy poging om Suid-Afrika te verander, oorkom? (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Verduidelik hoekom 2 Februarie 1990 'n dag van historiese belang in Suid-Afrika se politieke geskiedenis is. (1 x 2) (2)
- 1.2.3 Verduidelik of De Klerk vir die waagmoed van sy hervormings vereer moet word. (2 x 2) (4)
- 1.2.4 Lewer kommentaar op die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die einde van apartheid in Suid-Afrika bestudeer. (2 x 2) (4)



- 1.3 Vewys na Bron 1C.
- 1.3.1 Hoekom was dit noodsaaklik vir De Klerk om Mandela uit die tronk vry te laat? (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Hoe, dink jy, het die wêreld op Mandela se vrylating reageer?(1 x 2) (2)
- 1.3.3 Hoe voeg die foto waarde toe tot die geleentheid van Mandela se vrylating? (1 x 2) (2)
- 1.4 Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om te verduidelik hoe eksterne faktore verandering in Suid-Afrika beïnvloed het. (6)
- 1.5 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.5.1 OF VRAAG 1.5.2.

- 1.5.1 Verduidelik hoe die ineenstorting van die Sowjetunie die weg gebaan het vir hervormings in Suid-Afrika. (30)

OF

- 1.5.2 Gebruik die inligting in al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir *Newsweek* (vaktydskrif) oor die volgende stelling:
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het die ANC en NP (De Klerk se regering) met geen ander keuse gelaat as om in te stem tot 'n onderhandelde skikking nie.* (30)

[75]



VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN DIE 1990's TOT DIE HERVOORSTELLING VAN ANGOLA (SENTRAAL-AFRIKA) GELEI?

Bestudeer Bron 2A, 2B en 2C en beantwoord die volgende vrae:

- 2.1 Verwys na Bron 2A.
- 2.1.1 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en definieer die volgende begrippe:
- (a) Marxisme-Leninisme
- (b) Veelpartystelsel (2 x 2) (4)
- 2.1.2 Verduidelik hoe Angola 'n pion in die Koue Oorlog geword het. (2 x 1) (2)
- 2.1.3 Hoekom, dink jy, het Rusland en Amerika by Angola betrokke geraak? (1 x 2) (2)
- 2.1.4 Watter ekonomiese hervormings is deur die MPLA ingestel? (2 x 1) (2)
- 2.1.5 Hoekom, dink jy, het die MPLA hierdie hervormings ingestel? (1 x 2) (2)
- 2.1.6 Wat sê Angola se lidmaatskap by die IMF en die Wêreldbank vir jou van Angola se internasionale status? (1 x 2) (2)
- 2.2 Bestudeer Bron 2B.
- 2.2.1 Wat was die 'binnelandse konflik' in Angola? (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Verduidelik hoe 'n vredesooreenkoms in Angola moontlik gemaak is. (1 x 2) (2)
- 2.2.3 Verduidelik die belangrikheid van die rol wat Brittanje en Frankryk in hierdie vredesproses gespeel het. (1 x 2) (2)
- 2.2.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die verandering in Angola bestudeer. (2 x 2) (4)
- 2.2.5 Haal inligting uit die bron aan om te toon hoe die vredesonderhandelinge nuwe lewe in Angola ingeblaas het. (2 x 1) (2)
- 2.2.6 Verduidelik hoekom jy dink Judith Matloff se kommentaar 'Angola was in 1992 soos 'n Rip Van Winkel' van toepassing is. (1 x 3) (3)



- 2.3 Raadpleeg Bron 2C.
- 2.3.1 Watter persentasie van die stemme het UNITA gekry? (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Watter politieke party het die meeste setels verower? (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Na aanleiding van die aantal politieke partye wat aan die 1992-verkiesing deelgeneem het, watter afleidings kan jy hieruit maak? (1 x 2) (2)
- 2.3.4 Verduidelik hoe Bron 2B deur Bron 2C ondersteun word ten opsigte van die veranderinge in Angola. (1 x 3) (3)
- 2.3.5 Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 2C vir 'n historikus wat die verkiesing van 1992 bestudeer. (1 x 2) (2)
- 2.4 Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die rol verduidelik wat die VSA en USSR in die voorbereiding vir die verkiesing van 1992 gespeel het. (6)
- 2.5 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.5.1 OF VRAAG 2.5.2.
- 2.5.1 Verduidelik hoe die ineenstorting van die USSR in die 1990's tot die hervorstelling van Angola gelei het. (30)
- OF**
- 2.5.2 Jy is 'n verteenwoordiger van Angola se regering by die Verenigde Nasies. Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag waarin jy aan die wêreldliggaam toon hoe Angola uit die einde van die Koue Oorlog ekonomies, polities en maatskaplik voordeel getrek het. (30)
- [75]**



VRAAG 3: HOEKOM WAS DIE PAD NA DEMOKRASIE IN SUID-AFRIKA MET ONSEKERHEID, VREES EN ANGS GEVUL?

Bestudeer Bron 3A, 3B en 3C en beantwoord die volgende vrae:

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Hoekom, dink jy, was dit noodsaaklik vir Mandela om met medestryders te vergader voor sy ontmoeting met De Klerk? (2 x 2) (4)
- 3.1.2 Noem die name van TWEE van die medestryders met wie Mandela voor die vergadering ontmoet het. (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Wat was die voorstelle wat in die brief aan De Klerk voorgelê is? (3 x 1) (3)
- 3.1.4 Watter eienskappe van Mandela tydens sy ontmoeting met De Klerk het hom as 'n leier van hoë aansien gedefinieer? (1 x 2) (2)
- 3.1.5 Verduidelik die betroubaarheid van Bron 3A vir 'n historikus wat die onderhandelingsproses in Suid-Afrika in die 1990's ondersoek. (1 x 2) (2)

3.2 Lees deur Bron 3B.

- 3.2.1 Verduidelik hoekom dit noodsaaklik geword het dat Mandela hierdie televisietoespraak maak. (2 x 2) (4)
- 3.2.2 Hoekom het Mandela na die sluipmoord op Chris Hani as 'n misdaad teen al die mense van ons land verwys? (2 x 1) (2)
- 3.2.3 Wat, dink jy, was die motief agter die sluipmoord op Chris Hani? (2 x 1) (2)
- 3.2.4 Haal uit die bron aan om te bewys dat Chris Hani 'n gewilde held van die stryd ('struggle') was. (1 x 2) (2)
- 3.2.5 Verduidelik wat dit vir Mandela moontlik gemaak het om Suid-Afrika uit 'n krisis te red. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

- 3.3.1 Verduidelik hoekom die 1994-verkieping as demokraties beskryf kan word. (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Wat, dink jy, sou die implikasies gewees het indien die ANC met 'n twee-derde-meerderheid gewen het? (1 x 2) (2)
- 3.3.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom die deelname van die IVP aan die 1994-verkieping van groot belang was. (2 x 2) (4)



- 3.3.4 (a) Verduidelik die verwysing na 'onafhanklike Tuislande ('Bantustans')'. (1 x 2) (2)
- (b) Hoe is daar in die algemene verkiesing van 1994 vir die 'onafhanklike Tuislande ('Bantustans')' voorsiening gemaak? (1 x 2) (2)
- 3.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die sluipmoord op Chris Hani nie daarin geslaag het om die politieke vordering in Suid-Afrika te dwarsboom nie. (6)
- 3.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.5.1 OF VRAAG 3.5.2.
- 3.5.1 Bespreek hoe die pad na demokrasie in die 1990's met onsekerheid, vrees en angs gevul was. (30)
- OF**
- 3.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir die *International Daily* oor die volgende stelling:
- 'Suid-Afrika kan Mandela nooit terugbetaal vir die rol wat hy in die land se oorgang tot demokrasie gespeel het nie.'* (30)
- [75]**



VRAAG 4: HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE GENESENDE WONDE VAN 'N PYNLIKE SUID-AFRIKA WEER OOPGEVLEK?

Bestudeer Bron 4A, 4B en 4C en beantwoord die volgende vrae:

- 4.1 Verwys na Bron 4A.
- 4.1.1 Hoekom is Khotso Huis volgens die bron gebombardeer? (1 x 2) (2)
- 4.1.2 Verduidelik hoe die teenstanders van apartheid die aanval op Khotso Huis beskou het. (1 x 2) (2)
- 4.1.3 Haal bewyse uit die bron aan om te toon dat die aanval bedoel was om die ANC in 'n slegte lig te stel. (1 x 2) (2)
- 4.1.4 Hoe het dit moontlik geword dat die waarheid agter die aanval blootgelê is? (1 x 2) (2)
- 4.1.5 Verduidelik hoekom jy dink Adriaan Vlok om amnestie aansoek gedoen het. (1 x 2) (2)
- 4.1.6 Verduidelik of die toestaan van amnestie aan Adriaan Vlok geregverdig kan word. (2 x 2) (4)
- 4.1.7 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat hierdie tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis ondersoek. (1 x 2) (2)
- 4.2 Bestudeer Bron 4B.
- 4.2.1 Verduidelik of dit noodsaaklik was dat PW Botha voor die WVK verskyn. (1 x 2) (2)
- 4.2.2 Hoekom, dink jy, sou die families van slagoffers teleurgesteld gewees het in Desmond Tutu? (1 x 2) (2)
- 4.2.3 Gebruik die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die waardes en houdings van PW Botha en Tutu verskil. (2 x 2) (4)
- 4.2.4 Watter afleidings kan jy oor PW Botha as 'n voormalige Staatspresident van Suid-Afrika maak? (1 x 2) (2)
- 4.2.5 Verduidelik die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat hierdie tydperk van die WVK ondersoek. (1 x 2) (2)
- 4.2.6 Hoe versterk Tutu se pleidooi aan PW Botha die doel van die WVK? (1 x 2) (2)



- 4.3 Bestudeer Bron 4C.
- 4.3.1 Verduidelik die redes vir die oorwig van kritiek teen die NP. (2 x 1) (2)
- 4.3.2 Wat was die reaksie van die ANC teenoor die WVK-verslag soos in die spotprent uitgebeeld? (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Hoekom word Tutu as die bestuurder van die vurkhyser uitgebeeld? (1 x 2) (2)
- 4.3.4 Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 4C vir 'n navorser wat die WVK ondersoek. (1 x 3) (3)
- 4.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoekom die WVK so sterk gekritiseer is. (6)
- 4.5 **UITGEBREIDE SKRYFWERK** (Jou antwoord behoort ongeveer TWEE bladsye lank te wees.)
- Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.5.1 OF VRAAG 4.5.2.
- 4.5.1 Die WVK het die genesende wonde van 'n pynlike Suid-Afrika oopgeplek. Stem jy saam? Bespreek. (30)
- OF**
- 4.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n verslag vir 'n historiese joernaal waarin jy beklemtoon hoekom die WVK so omstrede was. (30)
- TOTAAL: 150**

